higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 4

(5050114)

4 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

302Q1N2004

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die VRAAGNOMMER (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die sosiale leerteorie bepaal dat mense nuwe gedrag aanleer deur ander mense waar te neem.

1.1.2 Albert Bandura en sy studente het met die Bobo-pop geëksperimenteer.

1.1.3 Enaktiewe leer vind plaas wanneer ons uit ander mense se gedrag leer.

1.1.4 Daar is vyf stappe in die waarnemingsleerproses.

1.1.5 Akkommodasie beteken om nuwe inligting te absorbeer en dit aan te pas by dit wat ons reeds weet.

1.1.6 Ivan Pavlov het die beginsel van operante kondisionering geskep.

1.1.7 Konstruktivisme is die teorie wat stel dat ons ons eie realiteite skep deur betekenis te heg aan wat ons sien.

1.1.8 Gedragspotensiaal is die waarskynlikheid dat spesifieke gedrag tot 'n spesifieke uitkoms sal lei.

1.1.9 Straf is 'n gevolg wat veroorsaak dat gedrag gereeld plaasvind.

1.1.10 Daar is twee tipes vasleggingswaardes, naamlik positiewe en negatiewe vaslegging.

(10 × 1) (10)

1.2 Tabelleer DRIE verskille tussen die volwassewordingsteorie en die sosio-kulturele/ekologiese teorieë. (3 + 3) (6)

1.3 Definieer elk van die volgende konsepte

1.3.1 Behaviorisme

1.3.2 Kognitiewe leerteorie

(2 × 3) (6)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Straf	A	Mev. Edson prys vir Asamahle omdat sy 90% in die VKO-toets behaal het.
1.4.2	Uitwissing	B	Ben is stout in die klas en Mev. Edson laat hom in die stouthoekie sit.
1.4.3	Negatiewe vaslegging	C	Lyle is baie soet in die klas, so hy kry nie vir die naweek huiswerk nie.
1.4.4	Positiewe vaslegging	D	Michael kry nie meer belonings vir netjiese werk nie, so hy het ophou probeer.
1.4.5	Spontane herstel	E	Emma het nie meer aan die slaap geraak as Mev. Edson 'n wiegeliedjie speel nie, maar na 'n paar weke het sy skielik weer begin.

(5 × 1) (5)

1.5 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mev. Edson het verskeie kinders in haar klas wat volgens Gardner se teorie verskillende tipes intelligensie toon. Laura kweek goeie verhoudings met haar portuurgroep, help graag en is bedagsaam teenoor ander. Bronwyn presteer goed in poësie en debatvoering. Sinalo is aktief en energiek en beskik oor die potensiaal om 'n uitstaande atleet te word. Cynthia geniet dit om in die skoolkoor te sing en skryf en lei liedere vir skoolopvoerings. Robyn is georganiseerd en vaardig in die rekenaarklas waar sy die meeste van haar vryetyd deurbring.

Identifiseer die meervoudige intelligensie by elk van die volgende leerders deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1-1.5.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf:

1.5.1 Laura

1.5.2 Bronwyn

1.5.3 Sinalo

1.5.4 Cynthia

1.5.5 Robyn

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.6 Gee DRIE maniere waarop 'n opvoeder verskillende tipes intelligensie in sy/haar klaskamer kan ondersteun en aanmoedig. (3)

[40]

VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 'n ... is 'n diagram wat inligting oor moontlike oplossing verskaf.

2.1.2 Jean Piaget het die … -teorie ontwikkel.

2.1.3 Tydens die ... -stadium gebruik kinders hul sintuie om die wêreld om hulle te ontdek.

2.1.4 Om, ten spyte van baie moeilikheid, aan te hou om iets te probeer doen.

2.1.5 ... beteken om in staat te wees om met albei hande ewe goed te skryf.

2.1.6 Volgens die ... -teorie van motivering word gedrag op resultate, uitkomste of keuses gebaseer.

(6 × 1) (6)

2.2 Herrangskik die probleemoplossingstadia in die diagram hier onder in die volgorde waarin die stappe moet plaasvind deur die vraagnommers (2.2.1–2.2.8) in die korrekte volgorde in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.2.1 Identifiseer die oorsake	2.2.2 Gaan terug	2.2.3 Identifiseer die oplossings	2.2.4 Elimineer die oorsake
2.2.5 Evalueer die proses	2.2.6 Kies die beste oplossing	2.2.7 Identifiseer die probleem	2.2.8 Implementeer die gekose oplossing

(8)

2.3 Watter VYF vrae moet by die identifisering van ’n probleem gevra word? (5)

2.4 Buhle vind uit dat sy op dieselfde dag op dieselfde tyd twee toetse skryf. Sy is nie seker wat om te doen nie, en dit bekommer haar.

2.4.1 Identifiseer die bostaande probleem. (2)

2.4.2 Noem DRIE maniere waarop Buhle die probleem kan oplos. (6)

2.4.3 Kies een opsie uit die oplossings wat jy by VRAAG 2.4.2 gegee het en dui aan waarom jy dink dat jou keuse die beste opsie is. (1 + 2) (3)

2.4.4 Gee EEN faktor wat Buhle mag verhoed om die probleem op te los. (2)

Kopiereg voorbehou

2.5 Bestudeer die beelde hier onder en identifiseer die verskillende tipes omgewingstelsels volgens Bronfenbrenner se ekologiese teorie. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.5.1



OUERS EN SIBBE

2.5.2



GEMEENSKAPSDIENS

2.5.3



LANDSWETTE

2.5.4



VRIENDE IN DIE BUURT

(4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Identifiseer VYF faktore wat probleemoplossing beïnvloed. (5)

3.2 Wat behels die implementeringstadium in die probleemoplossingsproses? (3)

3.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Dit is die eerste jaar dat Me. Ntalo 'n Graad R-opvoeder by Little Presidents Educare is, en sy moet nog baie leer. Tydens kreatiwiteitsperiode kry die kinders tien minute om hul kunswerke te voltooi. Sy prys die kind wat na haar mening die mooiste kunswerk geskep het en vertoon die werk in die klaskamer. Die kind wat die projek eerste voltooi, word beloon. Sy hou die kinders gedurigdeur dop en sê vir hulle wat om te doen terwyl hulle besig is.

Gee DRIE voorbeelde uit die scenario wat daarop dui dat Me. Ntalo kreatiwiteit in haar klaskamer ontmoedig. (6)

3.4 Mev. Samson is 'n Graad 4-opvoeder wat die leerders help om doelwitte vir hulself te stel.

Identifiseer en verduidelik VIER riglyne wat in die proses gevolg moet word. (8)

3.5 3.5.1 Is dit belangrik dat 'n opvoeder 'n kind toelaat om sy/haar kreatiwiteit uit te leef? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.5.2 Noem TWEE aktiwiteite wat 'n opvoeder in die klaskamer kan gebruik om kinders toe te laat om hul kreatiwiteit uit te druk. (4)

3.6 Gee DRIE voorbeelde van hoe behaviorisme in die klaskamer aangewend kan word deur klassieke of operante kondisionering te gebruik. (6)

3.7 Moet kinders toegelaat word om foute te maak? Staaf jou antwoord met DRIE redes. (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 Definieer *behoefteshiërargie*. (2)

4.2 Volgens Abraham Maslow word gedrag deur bepaalde behoeftes gepaal.

Noem die VYF behoeftes in die hiërargie en gee 'n voorbeeld van 'n behoefte in elke gebied. (10)

4.3 Definieer *intrinsieke motivering*. (2)

4.4 Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag.

Yolanda beplan 'n jaareindfunksie vir haar klasmaats in vlak 4, maar sukkel om 'n tema te kies. Die plaaslike biblioteek het boeke oor funksiebeplanning en haar niggie het ook 'n kursus daarin voltooi. Haar pa het onlangs Wi-Fi by hulle huis laat installeer.

Noem DRIE goed wat Yolanda kan doen om kreatiewe denke oor haar probleem te stimuleer. (6)

4.5 Pas die prestasies onder die prente by die toepaslike aansporings in die prente. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.4) in die ANTWOORDBOEK neer.



A



B



C



D

4.5.1 Lihle is die toppresteerder in Graad 4.

4.5.2 Kyle is aanvaar om 'n kursus aan die universiteit te voltooi.

4.5.3 Mia het vir die eerste keer die toilet op haar eie gebruik.

4.5.4 Buhle het 100% in die wiskunde-eksamen behaal.

(4 × 2) (8)

4.6 Dui aan of Arnold Gesell se volwassewordingsteorie die posisie van NATUUR ('NATURE') of AANKWEKING ('NURTURE') ondersteun deur slegs 'Natuur' of 'Aankweking' langs die vraagnommer (4.6) neer te skryf. Staaf jou antwoord.

(1 + 2) (3)

4.7 Victor Vroom het die verwagtingsteorie bekendgestel waarvolgens 'prestasie doelwitte bereik'.

Verduidelik die stelling met TWEE opmerkings. (2 × 2) (4)

4.8 Straf kan in gebruik word om 'n kind se negatiewe gedrag te probeer verander.

4.8.1 Is die uitsit/stouthoekie-metode doeltreffend om 'n kind te straf? Skryf slegs 'Ja' of 'Nee' in die ANTWOORDBOEK neer. (1)

4.8.2 Gee TWEE redes vir jou antwoord by VRAAG 4.8.1. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die VRAAGNOMMER (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.1.1 'n Loopbaan is 'n beroep waarvoor 'n mens opgelei word en dan baie jare daaraan werk.

5.1.2 Die arbeidsmark is al die beskikbare posisie wat werkgewers kan vul.

5.1.3 'n Curriculum Vitae staan ook as 'n lewensjoernaal bekend.

5.1.4 'n Vertikale loopbaanpad is die roete wat 'n individu volg wat verskillende tipes werk op min of meer dieselfde vlak verrig.

5.1.5 'n Horisontale loopbaanpad is die roete wat 'n individu volg om werke op verskillende vlakke te doen op weg na meer senior posisies.

(5 × 1) (5)

5.2 Noem DRIE faktore wat 'n beroepskeuse beïnvloed. (3)

5.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Jou vriendin, Karen, het haar onderwysgraad voltooi en het vir 'n pos by jou skool aansoek gedoen. Sy is genooi om binnekort 'n onderhoud by te woon. Jy het vir 'n jaar by die skool gewerk en het ervaring oor suksesvolle onderhoudvoering. Karen is angstig en voel dat sy nie in staat sal wees om in die onderhoud goed te vaar nie. Sy is ook bekommerd dat haar Engels nie perfek is nie, en sy is bekommerd dat sy iets mag sê wat haar in die verleentheid sal stel.

5.3.1 Om Karen te help om vir die onderhoud voor te berei, gee vir haar VYF moontlike vrae wat die paneel haar mag vra. (5)

5.3.2 Noem DRIE dokumente wat Karen by haar moet hê wanneer sy die onderhoud bywoon. (3)

5.3.3 Noem TWEE goed wat jy haar sal aanraai om voor die onderhoud te doen. (4)

5.3.4 Waarom is dit belangrik dat Karen haar ingesteldheid oor die onderhoudproses moet verander? (2 × 2) (4)

5.4 Bestudeer die beeld hier onder en beantwoord die vraag.



Is Karen behoorlik aangetrek vir die onderhoud by die plaaslike skool? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (6)

5.5 Lees die dekbrief en beantwoord die vraag.

Durban
1021
20 Augustus

Aan die Hoof: Little Lions Educare

AANSOEK OM DIE BESTE OPVOEDER BY U SKOOL TE WEES

Ek het op 10 Augustus 2020 die advertensie vir die pos van opvoeder by u skool in die plaaslike koerant gesien.

Ek is tans 'n assistent by Little Bears Educare, maar dit is vervelig daar en hulle betaal my nooit betyds nie. Ek is verantwoordelik en het baie energie om na kinders om te sien. Ek is gereed om aan die begin van die maand te begin.

Ek sien daarna uit om spoedig van u te hoor om 'n afspraak vir 'n onderhoud te reël. Moet my asseblief nie tussen 10:00 en 10:30 kontak nie, aangesien dit my teetyd is en ek dan ontspan.

Dankie vir u oorweging.

Die uwe

Whitney al. 'Queeny' Bouston

Identifiseer VYF foute/onvanpaste opmerkings in die dekbrief. Skryf die foute volledig neer soos dit in die brief voorkom. (10)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou